Gereformeerde Kerk Bellville-Oos

Huisbesoek Februarie 2010

Strome lewende water

Inleiding

Die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos het `n besondere roeping van die Here ontvang. `n Gedeelte daarvan is vasgevang in die twee gedenkplate / hoekstene in die voorportaal van ons kerkgebou. Op beide die gedenkplate is daar 'n aanhaling uit Openbaring 22:17 "**Laat hom wat dors het, kom**" en "**die water van die lewe is verniet**." Ons wil graag in hierdie jaar weer nuut kyk na ons gemeente se gehoorsaamheid aan die beginsels van hierdie gedeeltes.

Ons vat dit saam in die tema: **Strome lewende water**
Hierdie tema is formuleer uit Johannes 7:38 en dui op die gevolge van wanneer iemand werklik sy geestelike dors by Jesus Christus kom les.
Uit hierdie Skrifgedeelte het ons ook drie aktiwiteite geïdentifiseer wat te doen het met die water van die lewe: **Kom, Drink en Vloei.**
Ons gaan tydens hierdie jaar se huisbesoek elkeen van hierdie aktiwiteite behandel.

Tydens hierdie huisbesoek gaan ons ter inleiding selfondersoek doen of ons Geesvervuld 'n stroom lewende water is.

Lees saam met mekaar Esegiël 47:1-12.

Israel se ballingskap en die verwoesting van Jerusalem het hulle pessimisties gemaak. Hulle het begin glo dat hulle maar 'n stroompie is wat begin opdroog om uiteindelik te verdwyn. Esegiël moes hulle leer dat God afbreek om weer te herbou. In 'n hele aantal visioene het die Here aan Esegiël geopenbaar wat Hy met en in sy volk sou doen.

- In 'n volk wat soos 'n klomp deurmekaar doodsbeendere was, sou God weer orde, lewe en eenheid bring. Hiervan lees ons in Esegiël 37.
- God sou egter ook weer by sy volk kom inwoon. Esegiël sien in hoofstuk 46 ook hoe die heerlikheid van die Here in die tempelgebou intrek en dit vul. Dis 'n visioen wat op Pinksterdag vervul is toe die Heilige Gees in die kerk ingetrek het.
- Dat hierdie teenwoordigheid van die Here by sy volk 'n uitwerking van groei en lewe sou hê, word vir ons in Esegiël 47:1-12 beskrywe.

Uitwerking van groei

- Esegiël staan in hierdie visioen vlak voor die tempeldeur. Wat sien hy?
- Wat moes hy doen?
- Waarop dui hierdie stroom wat groei?
- Hoe lyk ons kerk, hoe lyk ons elkeen se lewe? Kan daar aan ons iets gesien word van God se inwoning by ons?
- Wat sal met ons moet gebeur dat ons ook hierdie groei sal vertoon? Is ons dalk enkeldiep in die geloof?

Uitwerking van lewe

- Wat het Esegiël verder gesien?
- Wat gebeur as die tempelstroom die Dooie See bereik?
- Bewerk die Gees in jou ook steeds nuwe lewe? Waarin is dit waarneembaar?
- Watter uitwerking het jy en ons gemeente op die dooie see rondom ons? Maak ons enigsins 'n verskil?

Vraag ter verantwoording voor Nagmaal:

- Is ons strome van lewende water of `n dam vol dooie water?
- Leef ons Geesvervuld of bedroef ons die Heilige Gees met ons manier van lewe?